WESTERN CAPE
LIQUOR AUTHORITY

# BELANGRIKE KENNISGEWING

## AANVRA VAN BENOEMINGS VAN 'N PERSOON VIR AANSTELLING AS 'N LID VAN DIE RAAD VAN DIE WES-KAAPSE DRANKOWERHEID

Die Wes-Kaapse Drankowerheid ("die WKDO") is by artikel 2 van die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet 4 van 2008) ("die Wet"), ingestel. Daar is tans 'n vakature in die beheerraad ("die Raad") van die WKDO vir 'n persoon wat aan die onderstaande vereistes voldoen. Belanghebbende persone word genooi om kandidate te benoem wat na hul mening geskik is om aangestel te word as 'n lid van die Raad. 'n Soortgelyke uitnodiging vir benoemings is onder Provinsiale Kennisgewing 85/2021 van 03 September 2021 gepubliseer en kan gevind word op die webblad **https://www.westerncape.gov.za/dept/community-safety.**

Die verantwoordelikhede van 'n lid is onder meer die bywoning van en deelname aan vergaderings van die Raad en enige ander funksies soos voor voorsiening gemaak in die Wet en ander tersaaklike wetgewing.

**Benoemdes moet aan die volgende vereistes voldoen:**

(a) minstens 25 jaar oud wees;
(b) 'n Suid-Afrikaanse burger en permanent woonagtig in die Wes-Kaap wees;
(c) nie ingevolge artikel 5 van die Wet gediskwalifiseer wees om as 'n lid van die Raad aangestel te word nie; en
(d) beskik oor toepaslike kennis van of ondervinding in stelsels en prosesse om behoorlike rekenpligtigheid, integriteit en openheid in die bestuur van die sake van 'n organisasie te verseker.

Alle benoemings moet die redes uiteensit waarom die benoemde hom- of haarself geskik ag vir aanstelling as 'n lid van die Raad en moet vergesel wees van die benoemde se mees onlangse *curriculum vitae*.

Alle benoemings moet skriftelik ingedien word in die vorm van Vorm 1 in Aanhangsel 3 van die Wes-Kaapse Drankregulasies, 2011. Benoemingsvorms kan op versoek by me G Lutz verkry word by **Gillian.Lutz@westerncape.gov.za** of vanaf die webblad **https://www.wcla.gov.za/vacancies.**

Die benoemings van persone om as lede van die Raad te dien wat ontvang is in reaksie op die uitnodiging vir benoemings gepubliseer onder Provinsiale Kennisgewing 49/2021 in *Provinsiale Koerant* 8433 gedateer 28 Mei 2021 wat voldoen het aan die vereistes waarna in paragraaf 4 van daardie Kennisgewing verwys word, sal by die keuringsproses vir die huidige vakature oorweeg word.

Aanstellings sal met ras- en gelagsensitiwiteit gemaak word. Lede van die Raad word deeltyds aangestel vir 'n tydperk wat die Provinsiale Minister van Gemeenskapsveiligeid bepaal wat nie vier jaar mag oorskry nie.

Alle benoemings moet voor of om **12:00 op 5 Oktober 2021** ingedien word deur–

(a) dit te pos aan: Me G Lutz • Posbus 5346, Kaapstad 8000;
(b) dit te e-pos na: Gillian.Lutz@westerncape.gov.za (Merk die onderwerp duidelik: WKDO-BENOEMINGSVORM);
(c) dit te faks na: 021 483 6412; of
(d) dit af te lewer aan: Die Hoof van die Departement van Gemeenskapsveiligheid, Ontvangs, Grondvloer, Waalstraat 35, Kaapstad.

**NAVRAE**

G Lutz
**Tel:** 021 483 2954
**E-pos:** Gillian.Lutz@westerncape.gov.za.

Alle inligting wat ontvang word, sal as hoogs vertroulik hanteer word.